**P.H.R. Snyman. *Postmasburg: 'n eeu onder plaaslike bestuur, 1893-1993*.** Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria, 1993, 136 pp. Illus. ISBN 0796914087.

P.H.R. Snyman is 'n voltydse navorser-historikus in die afdeling Groep Samelewingsdinamika van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN). Hierdie afdeling spits hom toe op die bevordering van stads- en streeksgeskiedenis in Suid-Afrika.

Die skrywer is goed vertroud met die geskiedenis van die Kaapse streek noord van die Oranjerivier. In 1983 het hy 'n boek getiteld Postmasburg: 'n geskiedkundige oorsig tot 1982, onder die vaandel van die RGN uitgegee. Later volg nog drie boeke oor die streek: Olifantshoek - oase van die Langeberg (RGN, 1986). Daniëlskuil: van Griekwabuitepos tot dienssentrum (RGN, 1988) en Kuruman - vervloë pad na Afrika (RGN, 1992).

Die boek onder bespreking is die eeufeesuitgawe oor Postmasburg wat die 1983-uitgawe tot die hede opgedateer het. Dit is in sy geheel hersien en bygewerk om onder meer ook aspekte van die politieke ontwikkeling en verdediging in te sluit. Uit die lees van die boek blyk dit gou dat Postmasburg (vernoem na prof. Dirk Postma) sy plek in die geskiedenis van die streek volstaan. Ofskoon 'n relatief klein dorpie met 'n totale inwonertal van ongeveer 16 543 mense, het dit 'n beduidende rol in die verskillende samelewingsterreine gespeel: godsdiens, onderwys, handel en nywerheid, mynbou, boerdery, kultuur en militêr.

Die streek van Postmasburg het 'n interessante vroeë geskiedenis wat, sover vasgestel kon word, teruggryp na die Saan (Boesmans) van die Steentydperk. Hierna, meer resent, het die Tswana, Korana en Griekwa gevolg. Die skrywer het gepoog om die rol en aandeel van die swart en bruin gemeenskappe in die geskiedenis van Postmasburg te beskryf, maar, soos hyself tereg opmerk, is die terrein, weens 'n gebrek aan voldoende gegewens en samewerking uit die betrokke gemeenskappe, steeds 'n vrugbare terrein vir toekomstige navorsing.

Professionele historici stel toenemend belang in geskiedenis wat tot 'n spesifieke streek beperk is, omdat dit tot meer dieptestudies lei en 'n bydrae tot die algemene geskiedwetenskap lewer. Inderdaad plaas die skrywer met sy verwysing na gebeure soos die runderpes (1896-1897), die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902), die Rebellie van 1914 en politieke ontwikkelings, Postmasburg in die nasionale verloop van die Suid-Afrikaanse geskiedenis.

Die boek lees vlot, terwyl foto's en 'n kaart die teks effektief aanvul. Dit beskik oor 'n uitgebreide bronnelys, voetnote en register van wetenskaplike gehalte. Vir sowel die navorser as die leek is die boek op streekhistoriese vlak 'n wins.

C.J.P. le Roux
Vista Universiteit (Bloemfontein)